e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

12 Augustus 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 27

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Nuwe webblad vir die Kerk

Wie het dit reeds gewaar? Die Kerk se nuwe webblad is eintlik al van die begin van Augustus af op die internet – steeds by **www.nhk.co.za**.

Die nuwe webblad is in 'n paar opsigte 'n verbetering op die oue. Dit gebruik minder bandwydte en laai dus vinniger af. Die kontakinligting op die webblad is nou direk gekoppel aan die sentrale databasis van die Sinodale Kerkkantoor, sodat wysigings wat aan die Kerkkantoor deurgegee word, nou weekliks ook op die webblad gewysig word. Die struktuur van die webblad is verander, en die uitgangspunt is nou eerder om met 'n paar hoofopskrifte en 'n aantal sub-spyskaarte na baie verskillende bladsye te gaan. Daarby probeer die opskrifte om in gewone spreektaal te sê wat 'n mens waar kan vind.

Die nuwe webblad sluit ook nouer aan by die Kerk se korporatiewe beeld. Die abstrakte lyne van die voetewassingbeeld wil beklemtoon dat die beeld simbool is van die Kerk se strewe om die wêreld te dien soos Christus ons kom dien het. Die geboë lyne dui die verskillende lewensfere aan wat die Kerk met die evangelie wil bereik. Die pers kleur sluit aan by die universele assosiasie met die kerk en teologie, maar sal waarskynlik van tyd tot tyd verander word om aan te sluit by die Kerkjaar.

Die Gespreksforum op die webblad maak ook nou van ander sagteware gebruik om 'n skoner voorkoms te verseker en gemorspos beter te beheer. Die opskrifte is nou almal in Afrikaans. Die redaksie sal selektief artikels uit ons kerklike publikasies op die Gespreksforum plaas, en lesers word uitgenooi om daarop te reageer. Die Gespreksforum bied die geleentheid vir lesers van ons publikasies om vinnig kommentaar te lewer op kerknuus en aktuele sake, en daar is ruimte vir baie meer deelnemers as in die gedrukte publikasies. Deelnemers moet van voor af op die nuwe webblad as gebruikers registreer, en onderneem om by die reëls te hou.

'n Webblad is eintlik altyd 'n produk in wording. Wat die lesers nou sien, is die resultaat van harde werk deur die redaksie van die webblad, die personeel van SENTIK, en ons nuwe diensverskaffer, Delitech IT, sedert die begin van die jaar. Die redaksie is terdeë bewus van uitstaande sake wat nog afgehandel moet word, en wil graag hoor wat lesers se blaai- en leeservaring is. Laat van u hoor – die redaksie se kontakinligting is onder *So sê ons / Web redaksioneel*.

Dr Wouter van Wyk

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Frans Ras

Ds Rika van Staden

Ds Martin Fouché

Beroep ontvang

- **Ds Frans Ras** van Eendracht na Pietermaritzburg (deelsorg)

Beroep aanvaar

- **Ds Rika van Staden** van Welkom na Goudveld
- **Ds Martin Fouché** van Riebeeckstad/St Helena na Goudveld

Vakante standplaas

- **Gemeente Sasolburg-Suid** se predikant het op Sondag 4 Julie emeritaat aanvaar. Die gemeente wil so gou moontlik die **vakante volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat tot 12 jaar ervaring in die bediening het. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met ’n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op ’n Sondag met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om ’n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Sasolburg is in die Vaaldriehoek geleë en beskik oor goeie skole asook goeie universiteite in die omgewing.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 5 September 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Marinda Coleske, by Posbus 40, Sasolburg 1947, of per e-pos na **mccoleske@gmail.com**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 016 973 2147 of 083 443 6904.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Herman Gothan** is uit die hospitaal ontslaan en is reeds tuis op Heilbron. Hy beplan om in die komende week te begin werk, maar hy verduur nog baie pyn en ongemak. **Ds Nico Brayshaw** help steeds met die gemeentewerk en prediking totdat ds Gothan die leisels volledig kan oorneem. Volkome herstel en gesondheid word ds Gothan toegebid. Daar is groot dank teenoor ds Brayshaw wat so fluks help nadat hy reeds afgetree het. Hy sê dit hou hom jonk.

- **Mev Beaulah du Plessis**, vrou van **ds Dawie du Plessis** van Gemeente Wonderboom-Suid, is uit die hospitaal ontslaan na haar beroerteaanval. Sy ontvang steeds fisio- en arbeidsterapie en daar is geen waarneembare skade in terme van haar geheue, spraak of persoonlikheid nie. Die Kerk is saam met die gesin dankbaar daaroor en bid hulle, en veral mev Du Plessis, sterkte toe.

Ds Kálmán Papp (sr)

- Dit gaan effens beter met **ds Kálmán Papp (sr)**. Hy word steeds in die afdeling vir verswakte bejaardes van die Panorama-aftreeoord in Krugersdorp versorg (nie in die hospitaal soos verlede week berig is nie). Met sy vrou, **Mieke**, wat steeds tuis versorg word, gaan dit baie beter. Sy is weer op die been en was verlede Sondag in die kerk. Sy het op Woensdag 11 Augustus 82 geword.

Ds Rudi Schoeman

- **Ds en mev Rudi Schoeman** word op Sondag 15 Augustus in hul nuwe gemeente, **Theresapark**, ontvang. Prof Adriaan Pont sal ds Schoeman in die amp bevestig. Ds Janine Bevolo-Manders, konsulent van die gemeente, sal namens die ring van Pretoria-Noord die woord voer. Die erediens begin om 10:30.

- **Ds Giel Malan** van Gemeente Newlands het op **Vrydag 6 Augustus** met sy vier weeklikse uitsendings op die Christelike televisiestasie **Kruiskyk** begin. Die halfuur-uitsendings is op Vrydae om 06:30, en word herhaal op Woensdae om 11:30. Stel u dekodeerder in volgens aanwysings wat by **www.kruiskyk.co.za** beskikbaar is. Predikante wat by soortgelyke uitsendings betrokke wil wees, kan ds Malan kontak by **gielmalan@lantic.net**, 012 567 5776 of 073 570 4644.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 13 Augustus: Ds Jan de Wet (Bybelgenootskap)
  - Saterdag 14 Augustus: Di Arno Nieuwhof (Witbank/Witbank-Noord) en Koos Snyman (emeritaat)
  - Sondag 15 Augustus: Ds Rita de Kock (Villiers)
  - Dinsdag 17 Augustus: Ds Douw Steyn (emeritaat)
  - Woensdag 18 Augustus: Dr Gafie van Wyk (Kaapstad)
  - Donderdag 19 Augustus: Di Berend Greyling (Bethlehem/Reitz), Hennie la Grange (CSO/ICMA, Londen), John Putter (Drie Riviere), Tharina Steenkamp (Potchefstroom) en dr Christo Viljoen (emeritaat)
  - Vrydag 20 Augustus: Ds Marike van der Merwe (beroepafwagtend)

- Op Sondag 1 Augustus het die drie gemeentes in die Goudveld, naamlik **St Helena**, **Welkom en Riebeeckstad**, saamgesmelt onder die nuwe naam Goudveld, met twee preekplekke, Doorn en Riebeeckstad. Die aanddiens is gelei deur ds Cas du Plessis, voorsitter van die ring van Bothaville, en die nuwe kerkraad is bevestig. Di Martin Fouché en Rika van Staden is weer beroep en het intussen die beroepe aanvaar. Tans word nog die ou posadres van Welkom-gemeente gebruik, naamlik Posbus 389, Welkom 9460, asook die telefoonnommer 057 352 3986 en die e-posadres **nedhervwelkom@telkomsa.net**.

- **Gemeente Pietermaritzburg** het besluit om sy standplaas met deelversorging te handhaaf. **Ds Frans Ras** van Eendracht is na die gemeente beroep. Die gemeente is reeds geruime tyd vakant sedert die vertrek van ds Jaco van Sittert na Randburg.

Dr Gert Volschenk

- **Dr Gert Volschenk** berig soos volg uit **Nieu-Seeland**: *Dit gaan baie goed met ons. Die gemeente het vinnig gegroei tot 60 lidmate en tans is die groei stadig. Ek preek elke Sondag en die gemeente het op 8 Augustus sy tweede Nagmaal gevier. Feitlik al die lidmate was teenwoordig.*

  Die kern van die gemeente bestaan uit die emigrante wat al tussen 5 en 15 jaar in Nieu-Seeland is. Daar is 'n sterk hunkering by hulle om die evangelie in hul eie taal te hoor. Sommige emigrante wat al tussen 0 en 5 jaar hier is, is nie so kerklik betrokke as wat 'n mens sou verwag nie. Hulle geniet die vryheid en kom kerk toe wanneer hulle 'n behoefte daaraan het. Baie van hulle het vriende in Engelse kerke en skakel soms daar in. Die kategese is tans 'n uitdaging omdat ons vanuit verskillende kerkgenootskappe kom en 'n algemene kategeseprogram moet kry wat vir almal aanvaarbaar is. Dit moet ook in Engels wees, want die kinders verstaan feitlik nie meer Afrikaans nie. Die lidmate se program is vol en daar is nie baie tyd vir ander dinge nie. Naweke moet die huishouding aandag kry en as daar tyd is, kom mense kerk toe. Daar is nog vele ander uitdagings wat vir ons voorlê en ons sal dit aanpak soos dit kom.

Diak Andries Pretorius

- Ringskommissies word daarop gewys dat **ringsverslae** eers in September by die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) behandel sal word. Terugvoer oor sake waarop antwoorde verwag word, sal so gou moontlik na afloop van die vergadering geskied.

- Die eerste vergadering van die **nuutverkose Kommissie van die Algemene Diakensvergadering** (ADV) vind op **Saterdag 14 Augustus** plaas onder die voorsitterskap van **diaken Andries Pretorius**. Daar is groot entoesiasme by die nuwe Kommissie vir hul werk.

- Die **agendas vir die AKV** van die ringe van Pretoria en Noordelike Pretoria is by die kantoor van dr Fanie Pretorius beskikbaar. Skribas en predikante word versoek om dit by mev Karen Breedt af te haal. Al die ander ringe behalwe Noordelike Natal en twee Kaapse ringe se agendas is reeds versprei of minstens by die skriba van die ring beskikbaar. In die komende week sal bogenoemde ringe se agendas afgelewer word. Enige afgevaardigde of predikant wat nog nie 'n agenda ontvang het nie, moet asseblief met die ringskriba skakel. Emeriti, beroepafwagtende predikante en predikante met besondere opdragte se agendas is ook by die ring onder wie hulle ressorteer se skriba beskikbaar. Afgevaardigdes moet sekermaak dat hulle ook die dokument *Beroep op die 69ste Algemene Kerkvergadering* ontvang en deurwerk. Dankie aan die ringskribas en ander persone wat gehelp het om die agendas binne 'n week te versprei. Sterkte aan almal wat by die vergadering teenwoordig moet wees met u voorbereiding.

- Die nuutste skrywe oor die **registrasie van huwelike** by die Departement van Binnelandse Sake is van dr Ben du Toit by die Parlementêre Lessenaar van die Algemene Sinode van die NG Kerk ontvang. Dit word nou aan predikante gestuur. Soos uit die verskillende skrywes afgelei kan word, is die sake nie agtermekaar soos dit behoort te wees nie. Geduld word van huweliksbevestigers gevra. Predikante gebruik steeds hul ou registers. Die een saak wat onderstreep moet word en waarvan lidmate ook moet kennis neem, is dat die eerste kopie van die huweliksregister van nou af aan elke huwelikspaar oorhandig moet word sodat hulle ook 'n dokument in hul besit het wat hulle as amptelike bevestiging van die inseëning van die huwelik kan toon. Dit sal goed wees indien elke huweliksbevestiger ook 'n duidelike afskrif van die eerste blad kan maak om later by die argief in te handig as die ou register ingehandig moet word. Groot probleme word die afgelope twee jaar met huweliksdokumente ervaar. Daar is ook ontdek dat daar huweliksbevestigers is wat huwelike nie registreer nie. In een geval het 'n predikant wat reeds uit die amp is meer as tien huwelike nooit geregistreer nie. Die dokumente is ook sodanig voltooi dat nie agtergekom kan word wie die egpare is nie. Egpare moet dus sekermaak dat hul huwelike geregistreer word en die dokument wat van nou af aan hulle oorhandig word, veilig bewaar.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Bloemfontein-Wes: 13-15** en **20-22 Augustus**
  Viering van 40ste bestaansjaar
  Kontak die skriba, Santie Hamman, by 082 829 7468
  of die sekretariële beampte, Willemien Bloem, by 083 658 6753

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Vrydag 13 Augustus om 19:00: Gemeente Strand**
  Konsert met Gerrie Pretorius
  Hoërskool Hottentots Holland se saal
  Kaartjies by Hectic Biltong Strand en Parelvallei-apteek Somerset-Wes
  R60 per persoon
  Kontak Abram 083 442 0742 of Jan by 084 400 5137

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Leeudoringstad oggendtee**
  Met Elsabé Aldrich en tema *Alice in Wonderland*
  R100 per persoon, sluit geskenkie en verversings in
  Kontak Thea van Rooyen by 018 581 3432 of 073 723 9883

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Mafeking musiekaand**
  Mareetsane-boeresaal
  R200 per volwassene en R50 per laerskoolkind, sluit ete in
  Bespreek by Adri Dreyer (082 388 2615) of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

- **Vrydag 27 Augustus: Gemeente Krugersdorp-Noord jaarlikse musiekfees**
  Kore, orreluitvoering, soliste en 'n instrumentele ensemble
  R50 per persoon
  Kontak ds Johan of Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456

- **Saterdag 11 September om 10:00: Gemeente Noordrand Lentedagtee**
  Met Susan Coetzer en Philip Moolman
  R70 per persoon (mans ook welkom)
  Kontak Anette by 084 500 3989 vir besprekings

- **Saterdag 11 September om 09:00: NHSV Gemeente Theresapark lente-ete**
  Te Vivaldi, Sylviastraat 78, Heatherdale
  Met Sam, stileerder van *GlamGuru*
  R90 per persoon
  Bespreek by 012 542 2805, 012 542 3568, 082 460 6279 of 073 099 3699

- **Sondag 12 September: Gemeente Pretoria *Korrel vir Kindersorg* 10:00 (na erediens)**
  Du Toitstraat (Tussen Kerk- en Vermeulenstraat) met veilige parkering
  Koor- en musiekuitvoering ten bate van DPS-kinderhuise en Phyllis Robertson-tehuis vir gestremdes
  Gratis besoek aan SP Engelbrecht-museum
  Toegang R40
  Kaartjies by Ansie Joubert (012 321 7580)
  Skakel Jodri van Staden (084 800 3638) of Carlo de Lange (082 569 7068)

- **Vrydag 15 Oktober om 19:00: Gemeente Parkrand met Romanz**
  Hoërskool Oosterlig in Boksburg
  R160 per persoon (sluit vertoning en kaas-en-wyn-ete in)
  R100 per persoon (slegs vertoning)
  Kontak Hilda by 082 281 8947 of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

- **Sondag 31 Oktober: Gemeente Kemptonpark-Oos met Onbeskaamd**
  R25 per persoon
  Groepe van 20 of meer, R20 per persoon
  Kontak Anneline by 082 924 7344 om te bespreek

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Sionspoort: Fietswedren Saterdag 14 Augustus**
  Oor 120 of 58 km (pad) en 50 of 23 km (bergfiets)
  Skakel Johan van Staden by 082 464 1547
  Besoek **www.sionspoort.org** vir meer inligting

- **Gemeente Parkrand: Gholfdag Donderdag 9 September om 11:00**
  ERPM-gholfbaan in Boksburg
  Borge vir bof en setperke benodig teen R1 000 elk

Kontak Dries by 082 906 09017
of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: Biltong-kuieraand en dans**
  Vrydag 13 Augustus
  Mayfair Village
  R110 per volwassene, R50 kinders onder 12
  Kontak Veronica Blake by 082 969 1302 of 018 468 4650 naure

- **Gemeente Erasmia: Jaarlikse Bybelstap Saterdag 14 Augustus**
  Voortrekkermonument
  Registrasie vanaf 07:00, stap begin om 08:00
  Ook ’n roete vir bergfietse
  R35 per persoon
  Navrae aan Isme Dalton by 012 370 3513 of 082 962 2870

- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie met trekking 14 Augustus**
  R50 per kaartjie
  Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 086 518 9110,
  of **jagkompetisie@gmail.com**

- **Gemeente Mafeking: Vakansie-akkommodasiekompetisie**
  Trekking 28 Augustus
  R50 per kaartjie
  1ste prys: 3 nagte verblyf vir 8 by Botsalano Game Reserve
  2de prys: 3 nagte verblyf vir 4 by Bloemhofdam
  Kontak Johan of Rika de Klerk by 082 552 0237 of 079 526 1443
  of Magda Redelinghuys by 082 789 1523

- **Gemeente Bloemfontein: Drienasies Saterdag 4 September**
  (Bokke teen Australië)
  Teen donasie van R3 000 (waarde R10 000, insluitend groot fotocollage)
  Wen 10 sitplekke in ’n semi-losie op losievlak
  Sluitingsdatum **20 Augustus** om 09:00, wenner hoor om 09:30
  Kontak Danie Nortjé by 082 446 4890

- **Gemeente Premiermyn: Wen ’n Ford Bantam-bakkie**
  Slegs R100
  Wenner bekendgemaak op **17 September** se NHSV-kuieraand
  Kontak Piet by 083 230 1135

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen ’n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk
  Verkoop kaartjies en samel R50 000 in
  Sluitingsdatum 4 April 2011, trekking 8 Mei 2011
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet en Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Derdepoort: Vleis**
  Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami’s R100 elk
  Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel

- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**
  Vervang geisers met sonkragtoestelle
  Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**
  Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed
  Sal dit kom haal!
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

Basaars en markte

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit geskenkemark**
  Stalletjies beskikbaar teen R150 elk
  Skakel 013 932 2929

- **Saterdag 28 Augustus: Gemeente Mafeking Ommi Wêreld-basaar**
  Toegang gratis
  Kontak Johan of Rika de Klerk (082 552 0237 of 079 526 1443)

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Witfontein**
  7de Delwersfees
  Delf vir prysgeld van R32 500 kontant
  Kontak Dries Joubert (082 581 2142) of Ferdie Lubbe (082 552 3944)
  of Jimmy Manders by **jtmanders@icon.co.za**

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Brackenhurst in Alberton basaar**
  Vrydagaand potjiekos vanaf 18:00, om 20:00 groep Countdown to the Red Carpet (MK Rockspaaider-wenners)
  Kaartjies teen R50 by kerkterrein beskikbaar
  Saterdag vanaf 09:00 basaar, stalletjies te huur teen R150
  Skakel Nadia by 071 893 9046

- **Saterdag 4 September: Gemeente Magaliesmoot Countryfees en osbraai**
  Toegang R20 vir volwassenes en R10 vir kinders onder 10
  Kontak Elma du Plessis (082 954 7955) of Emmerentia Botha (083 243 6014)

- **Saterdag 4 September: Gemeente Welgelegen-Pietersburg basaar**
  Kontak Annatjie Sandrock by **nhk.welgelegen@absamail.co.za**
  of 015 295 5464

- **Saterdag 11 September: Gemeente Meyerspark Stoepsittersfees**
  Fondsinsameling vir blanke plakkerskampe in Pretoria
  Wen ’n 1.3 Ford Bantam-bakkie vir R250
  Kontak Fred Paynter by 083 226 8299 of **mwpaynt@mweb.co.za**
  of die skriba, Simon Kotze, by **nhmeyerspark@lantic.net**

ANDER NUUS

- **Federasie van Geloftefeeskomitees: Saterdag 14 Augustus**
  Gereformeerde Kerk, Kerkstraat
  Registrasie R60, vergadering 13:30
  Kontak Joffré Papenfus (sekretaris: Afrikanerkultuurbond) by 083 709 4129
  of faks 086 583 4191

- **Unisa: Kongres oor transendensie Sunnyside-kampus**
  Donderdag 2 tot Vrydag 3 September
  R250
  Bespreek by **phukumlm@unisa.ac.za**
  Skakel me Nonnie Fouché by 012 429 4470 of me Phukuile by 012 429 4369

- **Mosambiek-uitreik Saterdag 25 September tot Sondag 3 Oktober**
  Kamp in Santa Maria aan suidelike punt van Inhaca-eiland
  Ons gaan 'n watertenk opsit en badkamers, 'n kombuis en 'n lapa bou
  Kontak Pierre Jacobs by 084 583 3761 of **pierre.jacobs6@gmail.com**

- Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied **tydelike verblyf** in goed toegeruste wooneenhede teen R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in. Navrae aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Van der Hoff Teologiese Verenig**ing verkoop dasse teen R110 elk. Kontak Lisa-Mari Swanepoel by 083 943 4561 of **lisamari.swanepoel@gmail.com**.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Saterdag 14 Augustus: Kommissie van die ADV
  - Maandag 16 Augustus: Redaksie van *Konteks*
  - Dinsdag 17 Augustus: Nagraadse Beurskomitee; Kuratorium; Raad vir Ekumene
  - Donderdag 19 Augustus: Kerkliedkomitee
  - Vrydag 20 Augustus: Finkom van die Ondersteuningsraad

ADVERTENSIES

MARIJA MANOR GASTEHUIS (WONDERBOOM)
Marija Manor Gastehuis is 3 km van die Hervormde Kerk in Marjoramstraat geleë waar die driejaarlikse Algemene Kerkvergadering in September plaasvind.
Kontinentale ontbyt is ingesluit.
Buffetontbyt ook beskikbaar op aanvraag.
Veilige parkering en goeie sekuriteit.
Bekostigbare pryse.
Kontak Jolanda by 083 447 2240.
Besoek **www.marijamanor.co.za**.

WATERBOK WILDPARK GASTETUISTES
Uniek!
Kom oornag of breek weg vir 'n naweek of vakansie in die natuur net oos van Pretoria. Weg van verdringing!
Veilige en rustige wildparkverblyf op Kleinfontein – digby Rayton-afrit vanaf N4-snelweg.
Toegeruste private selfsorg 1- of 2-slaapkamer wooneenhede teen baie billike pryse.
Besprekings by Rina 083 778 4605.
Besoek ook **www.waterbok.co.za**.

Advertensies kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

SP Engelbrecht-museum

Tydens die 37ste Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op Woensdag 25 Augustus word die SP Engelbrecht-museum by sy nuwe tuiste in die kerkgebou van Gemeente Pretoria in gebruik geneem.

Van 08:00 tot 13:00 vind die Kongres plaas, en van 14:00 af word die Museum bekendgestel. Dr Wouter van Wyk en prof Schalk Botha sal die woord voer, waarna ds Marius Kramer, agterkleinseun van SP Engelbrecht, die Museum seremonieel sal oopsluit.



Daar is ook ’n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto’s) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat gewoonlik tussen 200 en 300 kilogrepe groot is. Vind dié weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur ’n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx